BYLAE A

GRAAD 12-TOEKENNINGS VIR VERDIENSTELIKE AKADEMIESE PRESTASIE DEUR SKOLE IN 2007

Gedurende die afgelope twee jaar het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) skole vereer wat

- uitnemende uitslae in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal het
- verbetering in Senior Sertifikaat-uitslae behaal het
- uitnemendheid binne 'n bepaalde konteks behaal het

Soos in vorige jare, sal slaagsyfers en endossemente geëvalueer word tesame met die belangrike aspek van die retensie van leerdergetalle. Ingevolge die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie van die WKOD is skole wat presteer het se leerdergetalle oor 'n driejaartydperk belangrik en dit sal in berekening gebring word by die seleksie van skole vir die onderskeie toekennings.

Tabel 1: OPSOMMING VAN SENIOR SERTIFIKAAT-UITSLAE 1999 TOT 2006								
JAAR	**1999**	**2000**	**2001**	**2002**	**2003**	**2004**	**2005**	**2006**
KATEGORIE	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL	Voltyds TOTAAL
Aantal kandidate wat hele eksamen geskryf het	37 199	37 818	37 559	38 117	38 750	38 886	38586	39824
Aantal kandidate wat eksamen geslaag het	29 303	30 489	31 049	32 985	33 769	33 066	32573	33316
Aantal Senior Sertifikate met matrikulasie-endossement % van totale aantal kandidate	9 090 24,4%	9 235 24,4%	9 378 25,0%	10 118 26,5%	10 323 26.6%	10 524 27.1%	10394 26.9%	10589 26.6%
Aantal kandidate wat eksamen met **meriete** geslaag het (Gemiddeld 1260 – 1679)			6 024 16,0%	6 736 17,7%	7005 18.1%	6 760 17.4%	6595 17.1%	6608 16.6%
Slaag-%	**78,8%**	**80,6%**	**82,7%**	**86,5%**	**87.1%**	**85.0%**	**84.4%**	**83.7**

Die WKOD sal dus verbetering of volgehoue prestasie vereer terwyl inskrywing **vir graad 12 gehandhaaf of verbeter is.** Alle skole (insluitend onafhanklike skole) wat kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamen van die WKOD inskryf, kom in aanmerking vir toekennings. 'n Aantal belanghebbendes het daarop gewys dat skole onder verskillende omstandighede bedryf word en met leerders van uiteenlopende agtergronde werk. Die WKOD is bewus van hierdie verskille en het kategorieë geskep wat die groot verskille in skole se omstandighede in berekening bring.

Toekennings sal in 2007 die volgende kategorieë gemaak word: Alle bekroondes sal 'n sertifikaat ontvang, sowel as 'n finansiële aansporing vir die aankoop van leerondersteuningsmateriaal:

Kategorie 1: Uinemendheid in Akademiese Prestasie

In die kategorie vir akademiese uitnemendheid is daar twee subkategorieë: ***uitnemendheid in akademiese prestasie binne die konteks waarbinne die skool funksioneer en uitnemendheid aan die hand van 'n stel voorafbepaalde kriteria.***

Kategorie 1a – Uitnemendheid in akademiese prestasie binne die konteks waarbinne die skool funksioneer

In hierdie kategorie sal toekennings gemaak word tot 'n maksimum van **tien skole** waar die akademiese prestasie oor die afgelope drie jaar, 2005 tot 2007, deurlopend verdienstelike uitkomste getoon het met betrekking tot die kontekste waarbinne die skool funksioneer en waar daar konstante leerderinskrywing gehandhaaf word (ten minste 95% van die vorige jare). Die 'konteks waarbinne 'n skool funsioneer' is gebaseer op die persentiel waarbinne 'n skool tans val. 'Verdienstelike uitkomste' sal gebaseer word op 'n aangepaste indeks wat beide **die aantal** en **koerse** (d.w.s. %) van suksesvolle kandidate en endossemente in die Senior Sertifikaat-eksamen insluit.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 1b – Uitnemendheid aan die hand van 'n stel voorafbepaalde kriteria

In hierdie kategorie word toekennings aan die **top 10 skole** in die provinsie gemaak wat uitnemende akademiese uitslae oor die drie jaar 2005 – 2007 gehad het, op ten minste die volgende kriteria:

- Handhawing van die aantal kandidate (ten minste 95% van vorige jare);
- 'n oorhoofse slaagsyfer van 100% in 2007 en ten minste bo 98% in 2005 en 2006;

- 'n matrikulasie-endossementkoers van meer as 70%; EN
- 'n merieteslaagsyfer van ten minste 60%

Toekenning: R5,000 boekbewys om die bevordering van geletterdheid en skoolbiblioteke te ondersteun

<u>Kategorie 2: Verbetering in Senior Sertifikaat-uitkomste</u>

Kategorie 2a – Verbetering van deurvoerkoers

In hierdie kategorie sal toekennings gemaak word tot en met 'n maksimum van **vyf** skole wat die grootste **verbetering** oor die tydperk 2005 tot 2007 ten opsigte van die behoud van leerders getoon het.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 2b – Verbetering in die Matrikulasie-endossementkoers

Toekennings sal gemaak word aan **drie skole** waar die matrikulasie-endossementkoers deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007 getoon het terwyl die **inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 2c – **Verbetering in Senior Sertifikaat-slaagsyfer**

Toekennings sal gemaak word aan **drie** skole waar die Senior Sertifikaat-slaagsyfer deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007 getoon het terwyl **die inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3 – Uitnemendheid en Verbetering in Individuele Vakke

Kategorie 3a: Uitnemendheid in Wiskunde HG

Dit word toegeken aan **een** skool in die provinsie wat presteer het deur die grootste aantal kandidate te lewer wat Wiskunde HG geslaag het (met die hoogste gemiddeld as 'n tweede kriteria, indien nodig).

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3b - Uitnemendheid in Wiskunde HG & SG

Dit word toegeken aan **een** skool in die provinsie wat presteer het deur die grootste aantal kandidate te lewer wat Wiskunde HG & SG geslaag het (met die hoogste

gemiddeld as 'n tweede kriteria, indien nodig). Hierdie kategorie sluit die wenner van kategorie 3a uit.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3c – Uitnemendheid in Natuur- en Skeikunde HG

Dit word toegeken aan **een** skool in die provinsie wat presteer het deur die grootste aantal kandidate te lewer wat Natuur- en Skeikunde HG in 2007 geslaag het (met die hoogste gemiddeld as 'n tweede kriteria, indien nodig).

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3d – Uitnemendheid in Natuur- en Skeikunde HG & SG

Dit word toegeken aan **een** skool in die provinsie wat presteer het deur die grootste aantal kandidate te lewer wat Natuur- en Skeikunde HG & SG in 2007 geslaag het (met die hoogste gemiddeld as 'n tweede kriteria, indien nodig). Hierdie kategorie sluit die wenner van kategorie 3c uit.

Toekenning: R30,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3e – Verbetering in Wiskunde HG

In hierdie kategorie gee ons erkenning aan verbetering in die Senior Sertifikaat-slaagsyfer met toekennings aan **twee** skole waar die Wiskunde HG-slaagsyfer deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007 getoon het **terwyl die inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**.

Toekenning: R25,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3f – Verbetering in Wiskunde HG & SG

In hierdie kategorie gee ons erkenning aan verbetering in die Senior Sertifikaat-slaagsyfer met toekennings aan **twee** skole waar die Wiskunde HG- en SG-slaagsyfer deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007 getoon het **terwyl die inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**. Hierdie kategorie sluit die wenner van kategorie 3e uit.

Toekenning: R25,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3g – Verbetering in Natuur- en Skeikunde HG

In hierdie kategorie gee ons erkenning aan verbetering in die Senior Sertifikaat-slaagsyfer met toekennings aan **twee** skole waar die Natuur- en Skeikunde HG-slaagsyfer deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007

getoon het **terwyl die inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**.

Toekenning: R25,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal

Kategorie 3h – Verbetering in Natuur- en Skeikunde HG & SG

In hierdie kategorie gee ons erkenning aan verbetering in die Senior Sertifikaat-slaagsyfer met toekennings aan **twee** skole waar die Natuur- en Skeikunde HG- en SG-slaagsyfer deurlopend die beste verbetering oor die driejaartydperk 2005 tot 2007 getoon het **terwyl die inskrywing van voltydse leerders in graad 12 volgehou of verbeter is**. Hierdie kategorie sluit die wenner van kategorie 3g uit.

Toekenning: R25,000 vir die aankoop van leer- en onderrighulpbronmateriaal